# 10 Desember 2023 - Lesing 198 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Vader spreek tot Sy kinders – 22/5/61

**NO: 7898** Mag julle tog maar tevrede wees met My aanspreking, **mag julle tog My woord aanneem**, - wat julle in julle hart oorweeg en dan ook daarvolgens sal lewe. Julle sou dan sekerlik die krag van My woord ervaar en sou bemerk het dat dit julle Vader is wat tot julle gespreek het, Wie SY kinders liefhet en wat hulle die beste wil gee sodat hulle salig kan word.

Steeds weer sê Ek vir julle dat **slegs My groot liefde My daartoe bring om tot julle te spreek**. My onbegrensde liefde is die motifering van alles wat julle kan sien, wat julle omgeef en wat julle ondervind. Ek toon My Liefde voortdurend aan julle, maar julle herken Haar nie en julle verlang ander bewyse om My boodskappe as Waarheid te kan aanneem. Elkeen van julle wil persoonlik aangespreek word, **maar Ek spreek tog tot julle almal, wanneer My Woord van bo weerklink.**

Bedink dat julle eens as My skepsele van My uitgegaan het, dat julle egter as My kinders na My toe moet terugkeer. Maar hierdie verandering tot kinders moet **deur julleself** volbring word, omdat dit van julleself afhang of en in hoeveel tyd julle dit sal volbring. En as dit julle opregte wil is om hierdie doel tydens julle aardse lewe te bereik, dan sal julle hierdie verandering ook in julle diepste wese teweeg moet bring. **In julle hart sal julle hierdie verbinding met My tot stand moet bring** en julle sal dan ook in julle hart My Aanspreking self kan verneem en salig word. Dan bring julle self die korrekte verhouding van kind tot die Vader tot stand, waarby die Vader Sy kind ook sal aanspreek. En die kind wat die Stem van die Vader in homself hoor, sal nie meer daaraan twyfel dat dit werklik die Vader is Wie tot Hom spreek nie.

Hierdie rypheid van siel moet eers in elke mens aanwesig wees, voordat hy deur My aangespreek kan word, maar woorde alleen kan hierdie innige verhouding nie aantoon nie. Julle moet nie net glo om My kinders te wees nie, **julle moet ook daarna strewe om My ware kinders te wees**. En bygevolg het My inspraak van bo ten doel om julle, My skepsele, tot ‘n lewenswandel te beweeg wat van julle ware kinders sal maak, wat in alles die Wil van die Vader sal vervul en sodat Ek julle dan ook sal kan aanspreek soos ‘n Vader sy kinders aanspreek.

**My woord wat van bo tot julle klink**, gee julle steeds weer insig in My oneindige liefde vir julle, dus is dit vanuit My Liefde dat Ek julle die onverdiende genade van My aanspreking laat toekom. Julle is immers nog lank nie in ‘n toestand van rypheid dat julle waardig sou wees om My regstreeks te kan hoor nie, maar omdat My Liefde vir julle nie minder is as voor julle afval van My nie, - sien Ek julle gebrekkige toestand oor die hoof en **gee julle genade in oorvloed**.

Die ontvang van My Woord moet egter ook deur julle mense opgeneem word **as ‘n oorgrote genade**, waardeur julle ‘n insig verkry in My Wese wat Liefde, Wysheid en Mag is.

Wie My woord dus aanneem, weet dat hy deur My Liefde omring sal word, dat Sy hom sal versorg en behoed en hom nie verlore sal laat gaan nie **en dat Sy vir hom ewige saligheid wil berei.**

So ‘n mens hoef geen bewyse van My Liefde te kry nie, **want sy hart voel die Liefde**, sodra hy homself open vir My in vrye wil. Dan weet hy ook dat hy My kind is en ewig My kind sal bly, omdat hy dan stadig sal streef om nader aan My te kom.

Hy beantwoord dan ook die liefde wat Ek hom skenk en is dan innig met My verbonde, want elke uiterlike vertoon is vir hom vreemd, omdat sy innerlike lewe heeltemal gerig is op die geestelike, omdat die wêreld haar aantrekkingskrag verloor het. Sy sielerypheid is daaraan te herken **dat hy nou self liefde sal uitstraal**, - egter nie deur woorde en gebare wat elkeen kan aanwend nie, selfs ook as hy nog nie die sielerypheid bereik het nie.

Wees dus versigtig met die te vinnig afgaan op uiterlikhede, want daaragter kan ‘n innerlike lewe homself verberg, wat julle nie kan nagaan nie, maar wat egter van iedereen aan My bekend is.

Netso mag julle julleself nie vererg vir My uiterlike Woord nie en dit alleen met julle verstand wil verstaan nie, **maar julle moet dit diep in julle hart oorweeg**, want eers dan sal dit in julle werksaam word as julle daarvolgens sal leef en My wil vervul.

My Woord Self moet julle oortuig en sal dit ook doen, sodra julle wil geheel aan My toegewy sal wees, sodra julle ernstig op My, julle Vader, sal afstuur, van Wie julle eens uitgegaan het. Amein.